



Witbek Salute in 2017 op die Vryburgskou. Dit het hom na die eindronde op die Aldam-veeskool laat deurdring waar hy as die Suider-Afrikaanse Teelbul van die Jaar bekroon is. Mnr. Hans Bester en mnr. Japie Mashiteng, die hanteerder, staan by die bul.

PLAASINLIGTING

LIGGING: Vrede, Vrystaat

NAAM: Sussiesdeel

EIENAARSKAP: Privaat

VERTAKKINGS: Witbek-Braunviehstoetery

VELDTIPE: Suurveld

GEMIDDELDE REËNVAL: 700 mm per jaar



KORTOM

- Aandag aan gehalte pleks van getalle het gehelp om die Witbekkudde gaandeweg te verbeter en uit te bou.
- 'n Goeie voervloeioprogram word gevolg om die klipharde Oos-Vrystaatse winterstoestand draagliker te maak en die beeste te help om hul kondisie te behou.
- Die wenbul word deur uiters goeie balans gekenmerk, terwyl sy prestasietoetsers verder die deurslag gegee het.

'n Saluut vir Witbek Salute

Dit kon eintlik nie anders nie: 'n Meesterveeboer en sy drie dogters met veearboud aan die stuur van 'n Braunviehstoetery het Suid-Afrika se beste bul geteel. Die voortreflike Witbek Salute kom uit 'n sterk lyn wat op hul Oos-Vrystaatse plaas geteel is.

vrou, Marina, boer op die plaas Sussiesdeel, Vrede. Hulle het drie dogters – drr. Hanri Bester-Cloete en Daleen Roos, wat vennote in 'n veearboudpraktik op Vrede is, en Molly, wat in haar finale jaar as veearboudstudent aan die Universiteit van Pretoria is. Die sussies besit saam met hul pa die Witbek-Braunviehstoetery, wat die bul geteel het.

Witbek Salute het as die wenner van die Breedplan-klas op verlede jaar se Vryburgskou na die eindronde op die Aldam-Veeskool deurgedring. Dié jong bul het op 14 Februarie vanjaar drie jaar oud geword.

GOEIE BALANS

Hans sê die kommentaar op die skoue was

dat hy uitstekende balans tussen lengte, breedte en diepte het. Hy is baie sterk in sy toplyn, het sterk manlikheid en loop gemaklik. “Hy het van kleins af die oog gevang en het op 'n maand oud reeds 100 kg geweeg.”

“Witbek Salute is beslis die beste bul wat ons nóg geteel het. Tien jaar gelede sou ek gedink het ons gaan eers ná dertig jaar se stoetteling genoeg vordering toon om so 'n spesiale prys te wen. Ons is vol moed dat hy baie goed gaan teel as ons so na sy eerste twee kalwers kyk. Ons is opgewonde oor wat aan die kom is.”

Nóg verse gaan vanaf Augustus van hom kalf. Hulle het hom veral baie gebruik by vroulike diere wat hulle met 'n ander bul geteel het.

Dit was 'n triomf soos min toe die aankondiging op verlede jaar se Aldam-veeskool gemaak is dat Witbek Salute HB15/011 *Landbouweekblad*, Zoetis en Breedplan se Suider-Afrikaanse Teelbul van die Jaar vir 2017 is.

Sy mede-eienaar, mnr. Hans Bester, en sy



Dr. Daleen Roos.
FOTO: VERSKAF



Me. Molly Bester.
FOTO: VERSKAF



Mnr. Hans en me. Marina Bester boer in die distrik Vrede. By hulle is hul dogter dr. Hanri Bester-Cloete.



Die kampioenbul saam met een van sy eerste kalwers. Sy eienaars is vol vertroue dat hy 'n groot impak op hul kudde en die Braunviehas gaan maak.

LBW VRA ...

MNR. HANS BESTER

WAT WAS JOU BESTE BESLUIT NÓG?

Om kunsmatige inseminasie te gebruik en só vinnig goeie teelmateriaal te bekom.

WIE WAS JOU MENTOR?

My pa, Attie Bester. Hy het van kleins af 'n liefde vir boerdery by my gekweek, en sy hardwerkendheid het my begeester.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY NÓG GEKRY HET?

Om optimisties te bly en vorentoe te kyk. Laat dit wat jy nie kan verander nie, agter jou.

WATTER TEGNOLOGIE IS ONMISBAAR?

Die Logix-aantekeningprogram vergemaklik die aanteken van data en teelwaardes wat maklik bekombaar is.

LIEF VIR BOERDERY

Hanri was by met *Landbouweekblad* se besoek, terwyl Daleen die fort by die praktyk moes hou en Molly by die universiteit was. "Ek wou net ná skool begin boer, maar my ma het 'n stokkie daarvoor gesteeek. Terwyl ek genetica aan die Universiteit van die Vrystaat gestudeer het, het ek besef ek wil eintlik 'n veearts wees."

Sy het toe na Pretoria verhuis waar sy aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer het. Haar twee sussies het egter al kleintyd gesê hulle wil veearts word.

Hans sê sy dogters was van kleins af baie lief vir boerdery. Die liefde vir die landbou het mettertyd nóg sterker geword omdat hulle in boerdery belang gestel het en alle take op die plaas moes leer doen, want hulle het hul eie beeste gehad. "Hulle het met hul oorpakkies en waterskoentjies selfs die stalle skoon-

gemaak en het nie vir sulke 'onvroulike' take teruggediens nie," lag hul pa.

Die sussies het van kleins af met kommersiële Braunviehas aan jeugskoue deelgeneem. Só het hul belangstelling in boerdery gegroei. In 2003 het Hans vir hulle 'n paar Braunviehas gekoop, wat die begin was van die Witbek-Braunviehasstoeterij, genoem na die beste se kenmerkende wit bekke.

Hulle het baie goed op die jeugskoue gevaar en gereeld plekke op die jaarlikse nasionale jeugskou behaal.

VERDEEL WERK NOUKEURIG

Die stoeterij bestaan tans uit sowat 80 diere. Hulle kan nie die getalle verder uitbrei nie omdat hulle heeltyds in die veeartsberoep is. Die beste is op hul pa se grond, wat ook met ander vertakkings saam met sy broers boer.

Sowat tien versies word elke jaar vir ver-



Gedekte (oop) verse. Net die beste versies word vir die vervanging van ouer koeie behou. Agter is Hanri en Hans.

vanging gehou. Die res van die verse word verkoop en die bulletjies word as speenkalwers van die hand gesit nadat die bestes vir moontlike eie gebruik uitgekies is. Van die bulle word by fase C-toetsstasies geëvalueer. Hulle bied ook jaarliks bulle en vroulike diere op die nasionale veiling aan.

Hans vertel hulle begin vanjaar met hul fase D-veldtoets vir die bulle, waar aanpasbaarheid en prestasie op natuurlike weiding belangriker is. Dit is moeilik om 'n gevoerde, jong bul weer te laat aanpas. Dit is hoekom hulle die bulle van vanjaar af eerder op hul plaas op die veld gaan evalueer waar hulle volle beheer het.

Die pa-en-dogterspan verdeel die werk noukeurig. Hans behartig die basiese bestuur, asook skoue en veilings. Daleen, wat die lekbeplanning behartig, is ook 'n senior beoordelaar wat goeie werk met die paringskeuses doen. Hanri behartig die finansies. Molly doen ▶

◀ die aantekening van geboortes. Uit die aard van hul beroep doen die twee veearts-susters ook die gesondheidsbestuur.

KONSENTREER OP GEHALTE

Hans en sy dogters is deurgaans besig om die stoetery te verbeter. Hanri sê hulle het van die begin af besluit om eerder op gehalte as getalle te konsentreer. As 'n bees nie goed genoeg presteer nie, word hy of sy uitgeskot.

Tot vier jaar gelede het hulle net kunsmatige inseminasie (KI) in die kudde gebruik. Toe het hulle die eerste bul gekoop. Sy verduidelik dit is moeilik om KI te doen omdat sy en haar susters nie op die plaas woon nie. 'n Bul is dus beter vir praktiese doeleindes. Hulle doen nou net soms KI by uitsonderlike, goeie koeie.

Hulle het 'n klompie jaar gelede embryo's by Christopher Braunvieh, die Noord-Kaapse stoetery van mnr. Christopher Havenga van Petrusville, gekoop en ingeplant. Dit het baie goeie teelmateriaal in die stoetery ingebring.

KI het nietemin groot voordele, veral in die begin om gou nuwe, goeie gene in te bring van bulle wat hulle andersins nie sou kon bekostig om te koop nie. Danksy KI het hulle van 2013 tot 2015 die beste tussenkalfperiode (TKP) in die ras behaal (375), al het hulle nooit koeie gesinchroniseer nie en slegs op staande hitte gewerk.

Die gebruik van bulle het nie juis 'n verskil aan die TKP gemaak nie, maar Hanri sê dit was ook 'n voorkomende stap om te voorkom dat die TKP verswak.

Die koop van bulle het natuurlik behels dat hulle moet seker maak hulle koop slegs bulle wat by die kudde pas. Hulle gebruik gewoonlik net een bul op 'n slag in die koeikudde. Hulle word baie selektief aangewend om inteling te voorkom.

Die bul Windhoek, Salute se pa, is deur die Witbekstoetery geteel. Hulle het baie van Windhoek gehou – een van die hardste, bes besperde bulle in die ras en met 'n baie sterk toplyn. Dit is eienskappe wat noodsaaklik vir 'n kudde is.

GOEIE NAGESLAG

Die Besters lê baie klem op sterker lende en konstitusie. Vruggaardheid is ononderhandelbaar. Om in ekstensiewe toestande te boer, moet 'n mens nie gehardheid prysgee nie. Goeie aanpassing, struktuur en vleiseienskappe is belangrik. 'n Dier moet die regte tipe wees: 'n kleiner raam, sterker op die rug en lende en goeie konstitusie. Daarom prul hulle die kalwers wat 'n té lae groei-indeks het.

Hanri sê hul omgewing het meer bosluisgedraagde siektes, soos veral rooiwater en galsiekte, as in ander dele van die land. 'n Mens kry nie regtig bestande diere nie. Dit gaan meer oor goeie bestuur. 'n Gladde haar-



Salute by twee skoukoeie en een van sy kalwers aan die einde van die dekyd. Dit was sy eerste dekyd as kuddebul. Hy het in die proses sowat 100 kg gewig verloor, maar het toe steeds 930 kg geweeg. Agter is mnr. Hans Bester en dr. Hanri Bester-Cloete.

BRAUNVIEH: VRUGBARE, LANGLEWENDE RAS

Die Braunvieh is waarskynlik een van die oudste, suiwerste beesrasse met rekords wat tot 800 v.C. terugdateer. Hierdie beeste kom uit die Alpe van Europa.

Die eerste bulle is in 1907 deur Suid-Afrikanners ingevoer vir kruisteling met ander rasse. Die Brauvieh-telersgenootskap is in 1925 gestig om die ras suiwer te hou. In 1974 het die paadjies van telers wat 'n dubbeldoelras verkies het, geskei van dié van boere wat grootliks op melkeienskappe klem gelê het. Die genootskap vir die dubbeldoelbeeste, Braunvieh SA, het in 1996 tot stand gekom.

Die Braunvieh se eienskappe is:

- 'n Medium- tot groot raam.
- 'n Hoër rooibloedseltelling as ander rasse danksy die herkoms uit die Alpe wat die beeste hoogs aanpasbaar maak – van uifers koue tot baie warm toestande.
- 'n Goeie loopvermoë, sterk bene en diep, donker hoewe.
- Goeie pigment en 'n huid wat in die somer hare verloor en in die winter verdik om liggamstemperatuur konstant te hou.
- 'n Kalm temperament wat die beeste goed in voerkrale laat aanpas.
- Hoë vruggaardheid en langlewendheid.
- Bogemiddelde melkproduksie en goeie uiers en spene wat verseker dat kalwers vinnig groei en bogemiddeld swaar speen.

kleed help nietemin om bosluise in 'n mate af te weer omdat daar minder vasklouplek vir hierdie parasiete is. Dit is juis hoekom hulle gladder beeste met 'n korter haarkleed verkies. Die beeste moet dus in die somer (die spitsbosluistyd) glad kan verhaar.

GOEIE VOERVLOEI

Weens die Oos-Vrystaat se klipharde toestande, veral die erge koue en baie suur veld in die winter, is dit moeilik om deurgaans goeie voervloei te handhaaf. Dit verg haarfyn beplanning en goeie bestuur om deurgaans weiding van goeie gehalte en aanvullende voer te verskaf. "Ons hou nie daarvan om die beeste op kraal vas te keer nie en probeer sover moontlik om ekstensief met hulle te boer," sê Hans.

Vanaf Oktober (as dit vroeg reën) is die beeste op natuurlike weiding (grootliks rooigras) waar hulle aanvanklik 'n produksielek en vanaf Maart of April 'n proteïenlek kry. In Junie en Julie is die beeste op mieliereste.

Hulle het ook 8 ha oulandsgas wat bemes en in Augustus en September as hooi gebruik word wanneer die weiding skraps word.

'LEER BY ANDER BOERE'

Hans boer ook saam met sy broers, Takkals

en Barend onder die naam ABJ-boerdery. 'n Kommersiële Bonsmarakudde is een van die boerderyvertakkings en word vir speenkalfproduksie gebruik. Hulle het ook 'n gesamentlike kommersiële Dohne-Merino-kudde. Soja-en mielieverbouing is die grootste vertakking.

Hans sê hy probeer altyd om by ander boere te leer. "Moenie jaloers wees op boere wat beter vaar nie. Gaan kyk eerder wat hulle doen en leer daaruit. As jy 'n fout gemaak het, erken dit en maak dit reg."

Hulle gaan voort om met Salute te skou, maar sy vernaamste taak is nou om die kudde te help uitbou en die ras te verbeter. Hulle beplan om van sy semen uit te voer en het reeds navrae gekry. Dit sal met kwarantynmaatreëls gepaardgaan.

Salute kom nou net van die koeie af nadat hy sy eerste dekyd as kuddebul gehad het. In die proses het hy sowat 100 kg gewig verloor, maar steeds 930 kg geweeg. Hans sê sy vermoë om sonder ekstra voeding kondisie te behou, terwyl hy die koeie gedek het, maak hom baie tevrede met die bul se konstitusie.

"Hy is 'n bul om op trots te wees. Uit en klaar." **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Hans Bester, e-pos: bestershans@gmail.com; sel 083 469 1258.